HEBREW PEOPLE BIED AAN



# HEBREEUS IS LEKKER MAKLIK!

Werkboekie vir die Kursus

deur
Tiaan Nel

# שָׁלוֹם

Welkom by hierdie wonderlike reis om Hebreeus te leer! Dankie dat jy saam met ons leer en dat ons hierdie pad saam met jou mag stap.

Moet asb. nie hierdie werkboek kopieër of versprei nie.
As jy belangstel in ons leermateriaal, kontak Tiaan gerus.

Die aanlyn lesse is beskikbaar op www.kolkallah.com

Stuur jou huiswerk asseblief altyd direk vir Tiaan Nel:
tiaan@hebrewpeople.com
+27 82 097 0408

Geniet dit!

*Drukker vriendelike idee: stel jou drukker in om vanaf die tweede bladsy te begin druk en in swart en wit te druk.*

Die lesse is op ‘n donasie basis. Donasies is welkom en kan hier inbetaal word:

*T Nel*
*Absa Bank*
*9178127919*
*Tjek rekening*

Vanaf les 601 wil ons na elke les tyd maak om in klein groepies aanlyn te oefen. Die les sal begin met Tiaan wat dit wat ons in ons dialoë gaan gebruik, hersien en ons nuwe woorde leer. Gebruik asseblief hierdie werkboekies om jouself gereed te maak vir die praktiese lesse. Lees die dialoë, skryf jou eie sinne en oefen dan wat jy gelees het in die klein groepe.

Hierdie week sal ons fokus op woorde, vrae en frases wat ons in lesse 101 – 108 geleer het. Jy kan gerus weer na die skerm-kiekies of werkboeke van daardie lesse gaan kyk indien jy sou wou.

## Bybelvers

**Genesis 2:24**
"Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem."

| | |
|---|---|
| En hy het gesê | וַיֹּאמֶר |
| die mens | הָאָדָם |
| dit | זֹאת |
| die keer | הַפַּעַם |
| been | עֶצֶם |
| van my gebeente | מֵעֲצָמַי |
| en vlees (vleis) | וּבָשָׂר |
| van my vlees (vleis) | מִבְּשָׂרִי |
| vir (aan) die een | לְזֹאת |
| sal genoem word | יִקָּרֵא |
| vrou | אִשָּׁה |
| want | כִּי |
| uit man | מֵאִישׁ |
| was geneem die een | לֻקְחָה-זֹּאת |

## Dialoog 1 – Stel jouself voor

| | |
|---|---|
| Hallo! Wie is jy? (Aan 'n manlike persoon gerig) | שלום! מִי אתה? |
| Ek is Tiaan. Wie is jy? (Praat met 'n vrou) | אני טיאן. מִי את? |
| Ek is Marie. Aangename kennis! | אנִי מַרִי. נָעִים מְאוֹד. |

Hierdie vrae is goed vir klein groepies van drie of meer mense:

| | |
|---|---|
| Wie is hy? | מִי הוא? |
| Wie is sy? | מִי היא? |

| | |
|---|---|
| Wie is julle? | מִי אתם / מִי אתן? |
| Wie is hulle? | מִי הם / מִי הן? |

Gebruik asb. ook die tyd in die klein groepies om julleself aan mekaar voor te stel. Gebruik asb. sinne soos hierdie:

| | |
|---|---|
| Ek is Tiaan, Ek is ‘n man. | אני טיאן. אני אִישׁ. |
| Ek is van Suid-Afrika. | אני מִדְּרוֹם אַפְרִיקָה. |
| Ek is 30 jaar oud. | אני בֶּן שְׁלוֹשִׁים. |
| Ek het ‘n mooi vrou en drie goeie seuns. | יֵשׁ לִי אִשָּׁה יָפָה וְשְׁלוֹשָׁה בָּנִים טוֹבִים. |
| Op die oomblik woon ek in Suid-Afrika. | עַכְשָׁיו אנחנו גָּרִים בִּדְרוֹם אַפְרִיקָה. |
| Gilah woon in Düsseldorf in Duitsland. | גילה גָּרָה בְּדוּסלדורף בְּגֶרמָנְיָה. |
| Ek hou daarvan om na Israel toe te vlieg. | אני אוֹהֵב לָטוּס לְישראל. |
| Ek werk op Zoom. Ek is ‘n onderwyser vir Hebreeus. | אני עוֹבֵד בַּזּוּם. אני מוֹרֶה לְעִבְרִית. |
| Ek glo in Yeshua die Messias. | אני מַאֲמִין בְּיֵשׁוּעַ הַמָּשִׁיחַ. |
| Ek praat Hebreeus. | אני מְדַבֵּר עברית. |

Woorde en sinne wat jul kan gebruik:

| | |
|---|---|
| student | תַּלְמִיד, תַּלְמִידָה |
| Ek leer Hebreeus. | אני לוֹמֵד עברית. |
| Ek praat ‘n bietjie Hebreeus. | אני מְדַבֵּר קְצָת עברית. |
| Skryf jou taal in Hebreeus hier neer: | |

Hierdie vrae en woorde is goed om te gebruik in gesprekke:

| | |
|---|---|
| Hoe gaan dit? | מַה שְׁלוֹמְךָ? / מַה שְׁלוֹמֵךְ? |
| Totsiens | לְהִתְרָאוֹת |
| Waar kom jy vandaan? | מֵאֵיפֹה אתה / את / אתם / אתן? |
| Waar woon jy? | אֵיפֹה אתה גָּר? |
| Waar werk jy? | אֵיפֹה אתה עוֹבֵד? |

Onthou asb. om die werkwoorde te vervoeg! In die voorbeelde hier bo is die werkwoorde in die manlike enkelvoud vorm.